

HOE BEHAAL UNIVERSITEIT STELLENBOSCH, AS 'N NAVORSINGSGERIGTE INSTELLING, UITNEMENDHEID DEUR DIE INTEGRASIE VAN DIE UNIVERSITEIT SE DRIE ROLLE?

Besprekingsdokument, Weergawe 3

Oktober 2010

INLEIDING

Agtergrond

In Mei 2006 het die Viserektor (Onderrig) van Universiteit Stellenbosch 'n span opdrag gegee om 'n verslag en strategie saam te stel oor die bevordering van die statuus van onderrig en leer. Hierdie inisiatief het aangesluit by die Universiteit se verbintenis tot gehalte-onderrig en -leer. Dit is versterk deur 'n aanbeveling in die Hoër Onderwys Gehaltekomitee (HOGK/HEQC) se ouditverslag dat die Universiteit moet oorweeg om nuwe alternatiewe te ondersoek om institusionele bewustheid van die kritieke belangrikheid van onderrig en leer te bevorder, en reëlins moet tref vir die verbetering van onderrigvaardighede as deel van die prestasiebestuurstelsel vir akademiese personeel. Die taakspan se verslag is in Februarie 2007 aan die Viserektor voorgelê. Daarin is 'n breë strategie en 'n stel aktiwiteite uiteengesit. Hierdie dokument is gebaseer op die taakspan se verslag.

Heelwat van die voorstelle in hierdie breë strategie word alreeds as deel van ander strategieë by die Universiteit geïmplementeer. Die doel van hierdie besprekingsdokument is dus om 'n argument vir 'n genuanseerde begrip van die verhouding tussen die drie rolle van 'n publieke universiteit, naamlik onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie, daar te stel en aan te dui hoe hulle as geïntegreerd gesien kan word. Sodoende word daar gepoog om verder uit te brei oor die implikasies van die term "pedagogie van hoop". Die dokument is veronderstel om gesprek oor die rol van die Universiteit te fasiliteer, asook om terme daar te stel vir toekomstige bespreking oor hoe akademici wat die drie rolle uitvoer, ondersteun behoort te word.

Wat word met "integrasie" bedoel?

Integrasie van die drie rolle van onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie vind plaas op die vlak van die individuele dosent én op institusionele vlak. Daar is verskeie implikasies op elk van hierdie vlakke. In die sterk sin kan *integrasie* die naatlose verweefdheid van die funksies en aktiwiteite van elk van hierdie rolle beteken, maar aangesien dit nie altyd moontlik óf raadsaam is nie, beteken *integrasie* in die swakker sin om 'n *balans* tussen die drie rolle te vind. Die swakker sin impliseer voldoende erkenning en steun vir al drie rolle. Die Universiteit moet egter aandag gee aan die sterk sowel as die swak sin van integrasie.

BESPREKING

Strategiese missie van die Universiteit

In sy Strategiese Raamwerkdokument van 2000, word die Universiteit se missie soos volg omskryf: "om 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word". Die Universiteit se visie beklemtoon hoe belangrik dit is om uitnemendheid na te streef deur nasionale en internasionale aansien te verwerf deur middel van sy "navorsingsuitsette" en "die lewering van afgestudeerdes wat gesog is op grond van hulle afgerondheid en hul kreatiewe, kritiese denke". Die raamwerk beskryf ook die gegradueerde se eienskappe as "ondernemend, innoverend en

selfvernuwend”. Hierdie kerneienskappe impliseer ’n instelling wat hoëgehalte-navorsingsuitsette kan handhaaf en terselfdertyd uitmuntende en studentgesentreerde onderrig en waardevolle gemeenskapsinteraksie kan lewer.

In die lig van sy rol in die geskiedenis van apartheid, kan die Universiteit Stellenbosch nie die feit ignoreer dat dit gebiedend noodsaaklik is om ’n betekenisvolle bydrae tot die sosiaal-maatskaplike ontwikkeling van die streek en Suider-Afrika te maak nie. Hierdie bydrae kan gemaak word via kennisproduksie, gemeenskapsinteraksie en volgehoue pogings om die akademiese sukses van ’n toenemend gediversifiseerde studentebevolking te steun. Die vorm wat hierdie bydrae aanneem, vind uitdrukking in die beleide van Gemeenskapsinteraksie, Onderrig en Leer, en Navorsing. Hierdie beleide suggereer dat die Universiteit se visie van uitnemendheid as ’n navorsingsgerigte instelling graag wil handhaaf, maar terselfdertyd sy visie van tersaaklikheid en gehalte-onderrig en -leer wil uitbou.

Die universiteit as ’n plek van akademieskap

Die universiteit is die enigste instelling waar die drie kernvorme van kennispraktyk, naamlik die ontdekking, deel en toepassing van kennis, erkende praktyke is. Dit val onder die soorte akademieskap wat deur Ernest Boyer geïdentifiseer word:

- Akademieskap van ontdekking (waar nuwe en unieke kennis gegenereer word)
- Akademieskap van onderrig en leer (waar brûe op ’n kreatiewe wyse tussen die dissipline en die student se leer/begrip gebou word, bv. werk wat ons begrip van onderrig en leer in die dissipline verdiep, of ons fokus op studenteleer verskerp)
- Akademieskap van betrokkenheid (“engagement”) (waar die klem val op die gebruik van nuwe kennis om die gemeenskap se probleme op te los, of die kweek van burgers wat by die gemeenskap betrokke is)
- Akademieskap van integrasie (waar nuwe verhoudings tussen dissiplines ontdek of geskep word).

Volgens Candy (2000) is daar drie aspekte verbonde aan die akademieskap van integrasie: eerstens, integrasie binne ’n dissipline of ’n studieveld van kennis aansprake wat voortspruit uit verskillende navorsingsbenaderings, of op verskillende tye in verskillende wêrelddele plaasvind. Tweedens, die insluiting van nuwe kennis wat in werklike situasies verwerf word by die intellektuele apparatuur van ’n dissipline – hierdie aspek kan besonder nuttig wees by die professionele voorbereiding van studente. Derdens is daar geïntegreerde akademieskap wat, volgens Candy, kan beteken dat insigte uit verskillende dissiplines of studievelde byeengebring word. Die meeste praktiese probleme is egter nie netjies binne ’n dissipline geëtiketteer nie, maar oorspan verskillende dissiplines en kontekste. Oplossings daarvoor word dikwels gevind deur die verskillende dissiplines of velde van ondersoek naas mekaar te stel¹. Die huidige belangstelling by die Universiteit in transdissiplinêre werk as ’n toepaslike akademiese reaksie op die probleme van maatskaplike ontwikkeling en volhoubaarheid, beklemtoon hoe belangrik dit vir die Universiteit Stellenbosch is om maniere te vind om die akademieskap van integrasie as ’n denkwyse aan te moedig².

Ten einde as akademieskap te kan kwalifiseer, moet aktiwiteite waaraan ’n akademikus deelneem, voldoen aan die drie kriteria wat deur Lee Shulman (1999) gestel word. Dit moet naamlik openlik (“public”), vatbaar (“susceptible”) vir kritiese oorsig en evaluering, en toeganklik (“accessible”) wees vir uitruiling met en gebruik deur ander lede van die akademiese gemeenskap³.

¹ Candy P. (2000) Knowledge navigators and lifelong learners: producing graduates for the information society. *Higher Education Research and Development*, 19(3)

² ’n Voorbeeld van hierdie werk is die “TSAMA Hub”, waarby kollegas uit verskeie departemente aan die Universiteit saam met die WNNR en lede van nie-regeringsorganisasies werk. Sien ook M. Max-Neef. (2005) Foundations of Transdisciplinarity, *Ecological Economics*

³ Hutchings, P. and Shulman, L. (1999) The Scholarship of Teaching: New Elaborations, *New Observations. Change*, 31(5), 11 – 15.

Elk van die akademikus se sleutelpraktyke, naamlik die ontdekking, deel en toepassing van kennis, kan met die universiteit se drie kernfunksies verbind word. Die tabel hieronder gee voorbeelde van moontlike kruispunte tussen die drie funksies en die gebruike van kennis in 'n geïntegreerde kennisstelsel.

TABEL: Kruispunte van die drie rolle

	Ontdekking	Deel	Toepassing
Navorsing	<ul style="list-style-type: none"> • navorsing in verskeie dissiplines 	<ul style="list-style-type: none"> • konferensiereferate • publikasies • onderrig • deel direk met gemeenskappe 	<ul style="list-style-type: none"> • kommersiële en ander toepassings via konsultasiewerk • direkte toepassing in gemeenskaps-kontekste
Onderrig	<ul style="list-style-type: none"> • studente as vennote in navorsing 	<ul style="list-style-type: none"> • onderrig van voor- en nagraadse studente • referate by konferensies oor die algemeen, en nie net onderrig en leerkonferensies nie 	<ul style="list-style-type: none"> • moedig studente aan om wat hulle in graadprogramme geleer het, op verskeie wyses toe te pas (bv via diensleer)
Gemeenskaps-interaksie	<ul style="list-style-type: none"> • navorsing oor, met en vir gemeenskappe, bv. in antropologie, politieke wetenskap, maatskaplike werk, landbou, besigheidsituasies 	<ul style="list-style-type: none"> • deel by gemeenskapsfora, konferensies, werkswinkels, professionele verenigings 	<ul style="list-style-type: none"> • direkte toepassing in gemeenskaps-kontekste (nie-regerings-, kommersiële, professionele organisasies) • toepassing van programinhoud binne verskeie kontekste

Hoe geïntegreerd is die drie rolle?

Die verskillende rolle wat hier uiteengesit word, is interafhanklik. Byvoorbeeld, geen nuwe suiwer navorsing kan onderneem word as studente nie kies om nagraadse studie in 'n betrokke veld te onderneem nie. Geen nuwe kennis kan met opkomende gegradueerde professionele lui gedeel word as navorsing nie gedoen word nie. Optimale, transformerende leer vereis ook “'n omgewing wat intellektuele openlikheid aanmoedig en waardeer”⁴. 'n Navorsingsgerigte omgewing waarin die drie rolle geïntegreer word, fasiliteer transformerende leer. Die kring word voltooi as die kennis wat in die akademie gegeneer word, toegepas kan word – hetsy met 'n winsoogmerk of nie – en as daardie kennis in die arbeidsveld, of wat bekend staan as “die gemeenskap”, getoets word. Dit is daarom in die belang van die Universiteit Stellenbosch om die drie rolle van akademici te erken, te ondersteun en te beloon. Dit is verder van strategiese belang dat die drie rolle die toepaslike klem en fokus in die onderskeie dissiplines moet dra en, waar toepaslik, geïntegreer moet word.

⁴ Kelly McGonigal. (2005) *Teaching for Transformation: From Learning Theory to Teaching Strategies*. Stanford University: The Center for Teaching and Learning, 14(2)

Sekere dissiplines leen hulself meer geredelik tot gefokusde aandag op een of ander van die rolle. Diensleer byvoorbeeld, leen homself meer geredelik tot integrasie in die professionele sosiale en gesondheidswetenskappe, opvoedkunde of regte, eerder as in suiwer wiskunde. Verskillende rolle is ook meer winsgewend in sekere van die dissiplines, byvoorbeeld navorsing in toegepaste taalstudie is nie juis winsgewend nie maar redelik goedkoop om uit te voer, terwyl navorsing in chemie duur sou wees maar potensieel 'n groot inkomste kan genereer as dit aan kommersiële of strategiese toepassings gekoppel word. Alhoewel die generering van 'n inkomste 'n kernbestanddeel van volgehoue groei en gehalte is, is dit nie die *raison d'être* van die instelling nie.

Wat is die probleem?

Alhoewel onderrig en navorsing op meestersgraad- en doktorsvlak dikwels nie van mekaar onderskei kan word nie, is dit nie die geval op laer vlakke nie. Talle akademici aan die Universiteit Stellenbosch het in openbare forums soos die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie aangevoer dat dosente wat meer intensief op hulle onderrig fokus, hetsy weens 'n natuurlike affiniteit vir onderrig of uit 'n gevoel van pligsbesef, 'n kleiner kans staan om bevordering te kry as hulle eweknieë wat meer produktief in terme van navorsingsuitsette is. Daar is ook aangevoer dat uitnemendheid in gemeenskapsinteraksie die minste aandag kry as dit by bevordering kom⁵. By die Universiteit Stellenbosch spruit die uitdaging ten opsigte van die integrasie van die akademikus se drie rolle voort uit die feit dat die Universiteit die afgelope dekade 'n doelbewuste en suksesvolle poging aangewend het om homself as 'n navorsingsgerigte instelling te posisioneer. Akademici het tydens onderhoude, wat as deel van 'n navorsingstudie oor suksesvolle dosente van eerstejaarstudente gevoer is, beklemtoon dat 'n faktor wat goeie onderrigpraktyk verhoed, die feit is dat die Universiteit gemengde boodskappe oor die belangrikheid van onderrig uitstuur.

- Die vergoeding vir navorsingsuitsette aan die US via derdestroombefondsing is geneig om individueel of sentraal te beloon, in teenstelling met die vergoeding vir onderrig, wat meer sentraal volgens vasgestelde formules bestuur word. Verder is die finansiële vergoeding vir die meeste soorte gemeenskapsinteraksie min.
- In die lig van die strategie om die Universiteit as 'n navorsingsgerigte instelling te posisioneer, beloon die institusionele kultuur aan die US navorsing b'ou onderrig en gemeenskapsinteraksie. Dit is nie noodwendig in die beleid verskans nie, maar vind in die praktyk plaas, byvoorbeeld die benadering wat by nuwe aanstellings en bevorderings gevolg word.
- In teenstelling met onderrig en gemeenskapsinteraksie, bestaan daar gevestigde openbare stelsels vir eweknie-evaluering om erkenning te gee aan die gehalte, volume of uitnemendheid van navorsing. Hierdie fenomeen word internasionaal en nasionaal deur professionele en dissiplinêre verenigings asook staatsinstellings ondersteun en het 'n invloed op die praktyke en etiek wat aan die Universiteit Stellenbosch gevolg word.

Internasionale tendense beïnvloed en weerspieël die toestande aan die Universiteit Stellenbosch. Daar word internasionaal erken dat dit moeilik is vir 'n instelling om gelyktydig 'n navorsingsgeïntereerde én 'n studentgesentreerde fokus te handhaaf. Tydens die navorsingsonderhoude waarna hierbo verwys word, het dosente die opinie gelug dat deur te beklemtoon dat alle dosente hul aan al drie rolle moet verbind, die Universiteitsbestuur oormatige druk op akademici plaas wat nog in die proses is om hul pad in die akademie te vind. Daar word in internasionale opsette waargeneem dat die tipe universiteit wat hierdie druk op akademici plaas om sterk in beide onderrig en navorsing te presteer ("greedy institutions"), tipiese komprehensiewe universiteite is met 'n fokus op onderrig en navorsing en op die onderrig van meesterstudente⁶. Volgens die Boyer-kommissie vir die herskepping

⁵ Toews, L. & Yaedjian, A. (2007) The three-ring circus of academia: How to become the ringmaster. *Innovation in Higher Education*, 32: 113–122

⁶ Wright, M. Assar, N. Kain, E. Kramer, L. McKinney, K. Glass, B. and Atkinson, M. 2004

van voorgraadse onderrig⁷, het fragmentering aan navorsingsuniversiteite in die VSA die afgelope 50 jaar drasties toegeneem. Daar is gevind dat die kombinasie van 'n navorsings- en 'n studentgesentreerde fokus in die VSA die algemeenste voorkom by kreatiewe, klein en toonaangewende kolleges wat nie-eksakte wetenskappe aanbied. Hierdie instellings gee aandag aan navorsing en die bevordering van kritiese vraagstelling en kritiek deur studente⁸. Bogenoemde fragmentering is die gevolg van moderne bestuurs- en uitsetgeöriënteerde kulture en het 'n invloed op akademië se werkstoestande⁹.

'n Tendens wat duidelik blyk te wees in die VK, Australië en Nieu-Seeland, en wat begin om sy invloed te laat geld in Suid-Afrika, is befondsingskemas wat óf onderrig óf dissiplinêre navorsing beloon en dus die twee gebiede polariseer¹⁰. Die oplossing wat deur Krause (2009: 422) voorgestel word, lê by die gebruik van die term "publieke akademieskap". Hierdie term, met sy verwysings na "verantwoordelik" en "relevant" wees, belyn die taak van die universiteit beter met 'n "pedagogie van hoop".

Ter opsomming bring die konsep van publieke akademieskap die reeks aktiwiteite waaruit akademiese ondersoek bestaan, onder 'n enkele lens saam en beklemtoon dat dit as 'n geheel die kernbesigheid van verantwoordelike en deelnemende instansies van hoër onderwys in die een-en-twintigste eeu uitmaak. Colbeck en Michael (2006b) beweer dat publieke akademieskap akademiese werk *is* wat heromlyn word as 'n verenigde geheel eerder as wat dit 'n ander dimensie van akademiese werk is.

AANBEVELINGS

1. Alhoewel die Universiteit se strategiese dokumente die integrasie van die drie rolle sterk ondersteun, gee die onderskeie beleide en bestuurs- en menslikehulpbronnepraktyke nie genoeg aandag aan die implementering daarvan nie. Daar word dus voorgestel dat hierdie dokumente, veral dié wat op loopbaanbestuur en erkenning van goeie praktyk betrekking het, heroorweeg word in die lig van die konsepte van "integrasie van die drie rolle van onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie", óf die konsep van "publieke akademieskap" soos hierbo uiteengesit. Akademië en administratiewe personeel wat by menslike hulpbronnebestuur en –ontwikkeling betrokke is, asook dié wat verantwoordelik is vir die bevordering van elk van die sleutelrolle, moet verdere oorweging skenk aan hierdie beleide en prosedures, maar nie enige van bogenoemde groepe in isolasie nie.
2. Die suksesvolle implementering van die beleid is hoogs afhanklik van praktyke in spesifieke en bepaalde omgewings¹¹. Dus moet gesprek oor hoe om inhoud te gee aan die konsepte van integrasie of publieke akademieskap, aangemoedig word om op fakulteits- of departementele vlak plaas te vind.
3. Indien die drie rolle van die akademië suksesvol geïntegreer word, moet dit duidelik wees in die nagraadse- sowel as voorgraadse kurrikulum. Die hersiening van die institusionele Onderrig- en Leerbeleid is 'n ideale geleentheid om maniere voor te stel hoe

⁷ The Boyer Commission on Educating Undergraduates in the Research University; Reinventing Undergraduate Education: A Blueprint for America's Research Universities (1998)

⁸ Austin, AW & Chang, MJ. (1995) Colleges that emphasise research and teaching: Can you have your cake and eat it too? *Change*, September/Oktober: 45–49

⁹ Liudvika Leisyte, L., Enders, J. & de Boer, H. (2009) The balance between teaching and research in Dutch and English universities in the context of university governance reforms, *Higher Education*, 58:619–635

¹⁰ Krause, K. 2009. Interpreting changing academic roles and identities in higher education. In M. Tight, K. Mok, J. Huisman and C. Morphet (eds) *The Routledge International Handbook of Higher Education* 413 – 425. Routledge, New York.

¹¹ P. Trowler (2008) *Cultures and Change in Higher Education; Theories and Practice*. New York: Palgrave MacMillan.

universiteitsprogramme die maksimum geleentehede vir studente kan insluit om te leer en voordeel te trek uit dissipline-gebaseerde onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

4. 'n Meer genuanseerde en geïntegreerde benadering tot kennis en praktyk moet, per definisie, lei tot 'n meer buigsame siening van die onderskeiding tussen administrasie en die drie rolle van die Universiteit. Dus moet die professionele identiteite en verwante omstandighede van steundienste-personeel wat dienste verrig en van wie verwag word om navorsing te doen en/of onderrig te gee, heroorweeg word.